Reproduced by Sabinet Online. Copyright of this material belongs to the publisher of this article 

# Arm munisipaliteit betaal glo miljoene vir raadslede se verblyf

**Susan Cilliers**

Ses raadslede in die Matlosana-munisipaliteit, in die Klerksdorp-omgewing, word glo sedert September 2019 teen sowat R3,3 miljoen in 'n gastehuis op Stilfontein gehuisves.

Tonie Meiring, raadslid vir die Onafhanklike Belastingbetalersvereniging in Suid-Afrika (Irasa) in dié munisipaliteit, skat meer as 40 mense wat deel vorm van die raadslede se uitgebreide gesinne bly teen R546 000 per maand daar.

Die munisipaliteit se geldsake is beroerd.

"Die munisipaliteit kan nie eens diesel vir die gholfbaan koop wanneer kampioenskappe plaasvind nie," het Meiring gesê.

"Die klublede moet dit self doen. Daar word maande gewag vir goedere om gelewer te word omdat die munisipaliteit nie sy rekening betaal nie."

Volgens Meiring is die betrokke raadslede se huise tydens onluste in September 2019 in die Khuma-township naby Stilfontein beskadig. Die skade aan munisipale eiendom en die huise van die raadslede was sowat R18 miljoen.

"Die geaffekteerde raadslede moes ingevolge tersaaklike bepalings voor of op 7 Oktober 2019 alle bewyse van skade indien, maar vyf van die ses het nie. Indien 'n raadslid nie aan hierdie bepalings voldoen het nie, word die versekeringsvoordele verbeur."

Meiring sê die munisipale raad het nogtans, sonder om sy eie beleidsvoorskrifte hieroor na te kom, alternatiewe huisvesting vir die raadslede en hul uitgebreide gesinne teen R546 000 per maand in 'n gastehuis goedgekeur.

"Ingevolge die munisipale beleid kan alternatiewe behuising in sulke gevalle net in hoogs uitsonderlike omstandighede tot twee maande verskaf word."

Volgens Meiring het die raad aanvanklik beweer die versekeraar Sasria sou verantwoordelik wees vir die fisieke skade en die koste van altesame R3,3 miljoen vir die alternatiewe behuising.

> **40 mense wat deel vorm van die raadslede se uitgebreide gesinne bly glo teen R546 00 per maand in die gastehuis.**
>
> TONIE MEIRING

"Nou aanvaar Sasria nie verantwoordelikheid vir die bedrag nie weens die versuim om prosedures na te kom. Daar word ook gepraat van verdere bystand vir diegene wat geraak is ten koste van die belastingbetalende publiek. Ek het reeds op raadsvergaderings hieroor beswaar gemaak en uit protes uit die vergadering gestap, maar daar word nie na belastingbetalers geluister nie."

Ntswaki Makgetha, woordvoerder van die Matlosana-munisipaliteit, het bevestig die raad het op 11 November 2019 besluit om die geaffekteerde raadslede se verblyf vir ses maande te verleng en dat die munisipaliteit alle koste sal dra.

Makgetha het nie kommentaar gelewer op die bedrag wat glo reeds betaal is, of gesê wie vir verdere betalings gaan pa staan nie.

"Die kwessie oor die versekering is nog in die proses om hanteer te word en ons gaan daarom nie nou kommentaar daarop lewer nie."

Meiring sê die genoemde bedrae kom uit raadsdokumente en dat die munisipaliteit wel in hierdie stadium die koste dra weens die beweerde nienakoming van versekeringsvereistes.


BLOEMFONTEIN
Laaste diere uit dieretuin verwyder
'Grond is 'n politieke speelbal'